Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

31 Augustus 2022
Nuusbrief No 29

Liewe Ouers,
Ons kleutertjies sien baie daarna uit om hulle oulike skool en maatjies vir Ouma en Oupa te wys.

Ouma- en Oupadag: Vrydag 2 September 2022: Projekkode P765

- **Onthou asseblief dat alle kleuters Vrydag 8:15 by die skool moet wees.**
- **Die personeel gaan vroeg by die skool wees, maar die wagklasse is steeds eers van 7:00 af.**
- Vergewis uself asseblief van al die reëlings soos deurgegee in verlede week, asook voorverlede week se Nuusbriewe.
- **Die program vir die oggend verloop soos volg**:

8:30	**Oupas en Oumas ontvang aanwysings by die hek. Tee in die portaal.**
9:00	**Grootouers kom bymekaar in kleuters se klasse vir 'n kort program en 'n geskenkie.**
9:30	**Piekniek buite op die rugbyveld.** **Daar word warm weer voorspel, maak maar seker Ouma en Oupa het 'n koeltekolletjie onder 'n gazebo of sambreel.**
11:00	**Kleuters mag saam met Grootouers of instaan-ouers huis toe gaan.** **Groet asseblief vir Juffrou sodat sy weet wanneer kinders ry.**

- **Kleuters trek vrolike Lenteklere aan.**
- **ONTHOU DAT DAAR GEEN TOESIG OF NASKOOL NA AFLOOP VAN DIE FUNKSIE IS NIE.**

Olifant- en Kameelperdklasse Koekverkoping: Vrydag 9 September 2022:

- "There's a rumble in the Jungle"... Ons stel u nou reeds in kennis van die Olifante en Kameelperde se koekverkoping volgende week.
- Kom koop ietsie by ons Wildtuin!

Formele assessering:

- Die personeel is tans besig met formele assessering en vra dat kinders nie sommer **onnodig** tuis sal bly nie, maar ons weet ook dat daar baie siektes in omloop is met die draai van die seisoen. Die siek kinders moet asseblief eerder eers gesond word.
- Moet asseblief nie kinders wat koorsig was deur die nag 'n koorsstropie toedien en skool toe stuur nie. Die koorsstadium is die aansteeklike tyd vir meeste siektes.

Personeelbadkamer:

- Ons rig 'n vriendelike, dog ernstige beroep op ons ouers om asseblief NIE u kleuter na die Personeelbadkamer te neem nie. Ons klasse se badkamers is altyd tot hulle beskikking.
- Dit is nie lekker vir Personeel om in 'n vuil gemorste badkamer in te stap nie, en ook nie om 'n badkamer met 'n klomp kleutertjies te deel nie. Al die Parkieland Personeel asook die Gr R personeel het een badkamer om te gebruik. Geen kinders word in die badkamer toegelaat nie asseblief.

Skoolure:

- Daar is steeds ouers wat na 13:30 hulle kinders oplaai.
- Respekteer asseblief die Juffrouens se tyd en daag betyds op. Hulle moet weer húlle kinders betyds oplaai.
- Dan wil ons ook asseblief vra dat die kinders **soggens** betyds by die skool sal wees.
- Ons moet die registers stiptelik 8:30 na die Laerskool neem om ingelees te word, en dan kom kinders laat, of ons wag vir een Juffrou se register omdat sy nie weet of die kind gaan opdaag of nie. Laat weet asseblief teen 8:00 indien u nie gaan opdaag nie.
- Die laatkomers moet dan nog pap ook eet wat maak dat ons laat met die dagprogram begin. Probeer asseblief teen 8:00 by die skool wees indien u kind nog moet pap eet.
- Baie dankie vir u samewerking.

Gedagte vir die week:

Moenie u kleuter se vermoë om reëls te verstaan onderskat nie. Hulle leer eintlik baie vinnig wat van hulle verwag word. Verduidelik vir jou kleuter wat jy in 'n spesifieke situasie van hulle verwag en gee die riglyne oor hoe hulle dit moet toepas.

As julle byvoorbeeld winkel toe gaan, berei jou kind voor en sê vir hom wat julle gaan koop en dat jy verwag dat hy stil in die trollie sit want dis waar jy weet hy veilig is en jy hom die heeltyd kan sien. Verduidelik ook dat julle nie lekkers of speelgoed gaan koop nie, maar kos. Prys jou kind wanneer hy goeie gedrag toon.

Geniet die week verder. Ons sien uit na Vrydag!

Vriendelike Parkie-groete,

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

♥PARKIES♥IS♥LIEF♥VIR♥OUMAS♥EN♥OUPAS♥

Wat is jou kind se liefdestaal?

Verskillende kinders hunker na verskillende soorte aandag en liefde.

Die eerste stap om jou kind se primêre liefdestaal te identifiseer, is om aandag te skenk aan hoe hy aan jou liefde betoon.

•Fisieke

Jou kind wil letterlik jou liefde VOEL. Soene en drukke, hande vashou, streel haar arm, hou hande vas, kielie haar, laat haar op jou skoot sit.

•Geskenke

Alle kinders hou van geskenke, maar 'n kind wie se liefdestaal geskenke is, is merkbaar bly daaroor. Hulle pas dit mooi op, stal dit uit in hulle kamers en wys dit vir ander mense. Dit hoef nie 'n peprduur present te wees nie -'n blommetjie uit die tuin of 'n klippie wat jy spesiaal vir hom opgetel het.

•Opbouende woorde

Jou kind wil jou liefde in die vorm van positiewe en opbouende woorde hóór. Woorde van lof, toegeneentheid en bemoediging. Kommunikeer jou liefdeswoorde verbaal en soms ook deur vir jou kind 'n briefie te skryf.



Wanneer jy met jou kind in sy primêre liefdestaal kommunikeer, bly sy liefdestenk vol!

♥PARKIES♥MAAK♥TYD♥VIR♥MEKAAR

•Diensbaarheid

'n Kind wie se liefdestaal diensbaarheid is, is gewoonlik opreg dankbaar dat jy vir hom kos maak, met huiswerk help. Hulle waardeer dit opreg wanneer jy sy gunsteling gereg maak. Hierdie kinders help ook graag met take in die huis.

•Kwaliteittyd

Jou onverdeelde aandag wys vir jou kind dat jy vir hom omgee, dat hy vir jou belangrik is en dat jy dit geniet om by hom te wees. Wanneer jy kwaliteittyd met jou kind bestee, moet jy na sy fisiese en emosionele ontwikkelingsvlak beweeg. Bou saam 'n legkaart, bak iets, gooi bal of lees 'n storie. Toon belangstelling in wat hy doen. Maak oogkontak terwyl hy met jou praat!